SENDINGPERSPEKTIEWE IN GEN. 1-11

PROF. DR. F. J. VAN ZYL

I.

Namate die oortuiging toegeneem het dat daar maar net een fundering van die sending kan wees, naamlik 'n bybelse — dit wil sê namate meer eenstemmigheid bereik is onder protestantse sendingwetenskaplike teoloë dat die Bybel alleen die beslissende antwoord gee op die vraag wat sending is — na die mate het daar ook meer belangstelling gekom vir die antwoord wat spesifiek uit die boodskap van die Ou Testament hoorbaar word. Die Bybel is immers 'n eenheid en daarom moet by 'n fundering van die sending na die hele Bybel geluister word, ook na die getuienis van die Ou Testament. Nou kan daar ten gunste van die heel eerste verteenwoordigers op die gebied van die sendingwetenskap wel melding gemaak word van die feit dat hulle by die sendingfundering nie by die Bybel verbygegaan het nie, en veral ook aan die Ou Testament aandag gegee het. Sowel by Warneck aan Protestantse, as Schmidlin aan Rooms-Katolieke kant was dit die geval, maar of die getuienis van hierdie deel van die Heilige Skrif wel tot sy volle reg gekom het, moet sterk betwyfel word. Trouens tot nie baie jare gelede nie kon die hele oes wat op die akker van die Ou Testamentiese getuienis versamel is, in 'n klein gerfie saamgebind word en wat hoofsaaklik bestaan het uit die vermelding van enkele nie-Israelitiese figure soos Naäman en Naomi wat die godsdiens van Israel aangeneem het; uit die vermelding van die verdraagsame houding teenoor die vreemdelinge in Israel en veral uit die versameling van Ou Testamentiese tekste met 'n min-of-meer universele klank[1]). Met die ontwikkeling van die Ou Testamentiese wetenskap veral sedert ongeveer die dertigerjare, het daar 'n gunstige wending gekom ook betreffende die vraag na die betekenis van die Ou Testament vir 'n bybelse fundering van die sending. Die posisie het tot so 'n mate verander, en die materiaal tot so 'n mate toegeneem, dat 'n mens vandag beswaarlik reg kan laat geskied in 'n enkele artikel aan 'n tema soos: Die Ou Testament en die Sending. Daarom word in die opskrif bokant hierdie artikel slegs 'n klein deeltjie van die Ou Testament vermeld, en wil ons enkele gevolgtrekkings vir die sending trek uit die verhaal van hierdie eerste hoofstukke van die eerste boek van die Bybel.

---

[1]) J. Blauw, **Gottes werk in dieser welt**, Grundzüge einer biblischen Theologie der Mission, Chr. Kaiser Verlag, München 1961, S 14.

II.

Wanneer 'n mens Gen. 1-11 nader beskou, word dit duidelik dat ons hier te doen het met 'n gedeelte van die Ou Testamentiese getuienis wat aan die roeping van Abraham voorafgaan. Hierdie twee verhale volg nie maar net toevallig opmekaar nie, maar staan in sinvolle verband met mekaar, soos later sal blyk. Ons laat dit nou maar in die midde of die eerste gedeelte by 11:24 of 11:26 eindig. Van Selms[2]) wys in sy sprankelende kommentaar daarop dat die outeur van hierdie geskiedenis, wat 'n komposisie-genie moes gewees het, sy oorgange juis so maak dat dit moeilik is om messny skeidings te maak. Feit is dat ons in hierdie eerste hoofstukke van Genesis, in teenstelling met die geskiedenis wat met Abraham 'n aanvang neem, met 'n andersoortige geskiedenis te doen het. Daar is dan ook al op allerlei maniere onderskei tussen die verhaal van die eerste elf hoofstukke en die wat daarop volg. Dis die begrip geskiedenis wat hier na vore kom met 'n hele reeks vrae van filosofiese en teologiese aard, waarvan die belangrikste die vraag na die sin van die geskiedenis is. Die geskiedenis van die eerste elf hoofstukke kan moeilik ingepas word in die opvatting wat die geskiedenis sien as die terrein van menslike selfverwerkliking, waar menslike beslissings val en die mens sy kultuuropdrag uitvoer[3]). Eerder gaan dit hier om 'n geskiedenis wat die menslike beslissings en opdrag voorafgaan en dit moontlik maak. Moeilik sal hierdie begin-geskiedenis ook ingepas kan word in 'n opvatting wat die sin van die geskiedenis sien in die wyse waarop die bonte verskeidenheid van mensegebeure in verband staan met God. Dit sal makliker wees om Gen. 1-11 ingepas te kry in 'n sinbeskouing van die geskiedenis in sy doel. In verband met die begrip geskiedenis, moet ook nog gelet word op die onderskeiding tussen historie en geskiedenis[4]). Historie het te doen met die brute feite, geskiedenis met die gebeure uit die verlede wat 'n mens eksistensiëel raak. Ook die vraag na die verband tussen geskiedenis en heilsgeskiedenis het vandag uiters aktueel geword, veral as gelet word op sekere besluite van die Wêreldraad van Kerke. 'n Mens kan vandag met reg die vraag stel of Karl Barth se vrees nie bewaarheid geword het nie, dat die geskiedenis van die heil maklik kan oorslaan in die heil van die geskiedenis.

---

[2]) Dr. A. van Selms, **Genesis deel I**, C. F. Callenbach N.V. Nykerk, 1967, p 17.

[3]) Dr. H. Berkhof, **Christus de zin der geshiedenis**, 3de druk, G. F. Callenbach N.V. Nykerk, 1959, p. 13.

[4]) Dr. A. F. N. Lekkerkerker, **Nieuwe Theologie?**, een schets van de theologische situasie, Boekencentrum N.V., s'-Gravenhage, 1968, p 138.

'n Besondere karakterisering van die geskiedenis van Gen. 1-11 word aangedui met die uitdrukking oergeskiedenis. Dit is by hierdie onderskeiding tussen geskiedenis en oergeskiedenis dat ons moet stilstaan. Oergeskiedenis word gewoonlik in tweevoudige sin verstaan. Dit kan in chronologiese sin gebruik word vir gebeurtenisse wat verder terug lê as die vasstelbare en kontroleerbare. Behalwe dat dit aan alle geskiedenis in die gewone sin voorafgaan, kan dit tegelyk ook bepalend wees vir ons geskiedenis sodat ons geskiedenis daarin saamgetrek is. Dan het 'n mens byna iets van die mite waarvolgens gebeure in die tyd slegs 'n aktualisering is van 'n gebeurtenis wat in die voortyd, bo en buite die geskiedenis plaasgevind het. Die oergebeure word dan eksemplaries vir alle volgende gebeurtenisse. Die oergeskiedenis is die grond vir alle latere gebeurtenisse waarvan laasgenoemde slegs die ontplooiing is[5]). Vir sover dit die Ou Testament betref, kies Van Selms vir die uitdrukking voorgeskiedenis[6]). Hy bring die voortyd ᶜolām, in verband met 'n ver perspektief, wat vantevore of agtertoe kan wys, sodat hierdie voorgeskiedenis ook eksatologies in terugwysende sin verstaan kan word. Iets hiervan kry 'n mens ook by Cullmann[7]). Aan weerskante van die Christusgebeurtenis as middelpunt van sy heilshistoriese lyn, sowel na die begin as na die einde, lê daar eindelose tyd. Hy praat wel ook van mite by die skeppingsverhaal van Genesis en die voleindingsberig van die Openbaringsboek. Hoewel die mite volgens hom in gewone sin nie histories mag wees nie, beteken dit egter nie dat die gebeurtenis wat dit bevat en waarvan dit berig nie tydelik is nie. Daarom lê skepping en openbaring op dieselfde heilshistoriese lyn as die geskiedenis van Israel en die geskiedenis van die kerk. Bekend is die opvatting van Barth wat die geskiedenis van Genesis waarin die skepping berig word, nie geskiedenis nie, ook nie mite nie, maar sage noem. As ons 'n keuse moet maak, sal dit vir Van Selms se voorsgeskiedenis wees as die verhaal van wat die roeping van Abraham voorafgaan.

III.

Ons wil nou kortliks nagaan watter betekenis geheg word aan die eerste elf hoofstukke van Genesis by enkele figure uit die sendingwetenskap. In sy bybelse fundering van die sending, begin Warneck[8]) sy betoog deur daarop te wys dat die openbaringsgeskiedenis van die begin af 'n universele opset het. Die Ou

[5]) Dr. A. van Selms, a.w., p. 17.
[6]) Idem.
[7]) Oscar Cullman. **Christus und die Zeit,** 3 aufl. EVZ-Verlag, Zürich, 1962, kap. 3, 4.
[8]) G. Warneck, **Evangelische Missionslehre I,** 1892, S 136f.

Testament dra die wortels en die kieme van die Nuwe Testamentiese wêreldsending, hoewel dit nog verhulde geheimenisse is. Dat Warneck so 'n algemene uitspraak kan maak moet waarskynlik slegs as 'n inferensie beskou word op die algemene vasstelling dat die Nuwe Testament die vervulling van die Ou Testament is. Warneck se opvatting oor die openbaring was ook van so 'n aard dat 'n dergelike konklusie maklik daaruit getrek kon word, want volgens hom verteenwoordig die Ou Testament 'n bepaalde openbaringstrap wat van preparatoriespedagogiese aard was. Sy hele openbaringsbegrip wortel eintlik in sy skeppingsopvatting. God het Hom met die skepping in 'n bepaalde verhouding tot die wêreld gestel, en die gang van die openbaring is niks anders as die natuurlike ontwikkeling van hierdie oorspronklike verhoudingsbetrekking nie. Openbaring word hier 'n evolusionistiese proses wat die hele wêreld insluit. Omdat God die Skepper van die wêreld is, word reglyning gekonkludeer dat die heilsplan op die hele wêreld gerig is. 'n Baie gevaarlike konklusie lê in 'n uitspraak van Warneck as hy beweer dat die openbaringsgeskiedenis onmiddellik die stempel van universalisme kry omdat dit met die geskiedenis van die mensheid begin. Openbaringsgeskiedenis en mensheidsgeskiedenis word so probleemloos met mekaar verbind dat dit maklik tot identifikasie kan voer. Dat die universele tendens van die Ou Testamentiese getuienis allerweë met reg, en ook deur Warneck beklemtoon word, is heeltemal korrek. Die motivering daarvan en die konklusies daaruit, staan by Warneck altans nie altyd bo verdenking nie. Die universele onderlaag van die bybelse heilsgeskiedenis fundeer hy in die fisiese en geestelike eenheid van die mensheid kragtens sy skepping deur die Skeppergod, sy afkoms van een mensepaar en sy bestemming tot gode-ewebeeldlikheid. Veral die skepping van die mens na die beeld van God is van besondere betekenis in die sendingsdenke van Warneck. Daarin lê die grond vir sy antropologiese fundering van die sending. Hy vind in die skepping van die mens na die beeld van God 'n wesensgrondslag van die mens wat van so 'n aard is dat dit deur die sonde onvernietigbaar is. Ook die gevalle mens, selfs die heiden, bly wesensverwant met God, en daarom nie net vol heimwee na God nie, maar ook vol aanleg vir God[9]). Die verlore wêreld en mens is daarom nie net verlossingsbehoeftig nie, maar ook verlossingsbekwaam; daar is in hom 'n aanleg vir die genade, 'n aanknopingspunt vir die Woord van God. Die moontlikheid vir sending word dan antropologies so gefundeer dat daar kragtens die

[9]) Vgl. Hans Schärer, **Die Begründung der Mission in der Katholischen und Evangelischen Missionswissenschaft**, Theologische Studien, Heft 16, S 22.

geregtigheid op en die geskiktheid vir die heil, by die heiden nog 'n terugweg vermoed word, hoewel hy self hierdie weg nie meer kan vind nie. Die moontlikheid vir die sending word egter des te makliker, omdat die weg terug vir hom gewys kan word, kragtens die aanleg wat hy ontologies vir die Woord van God besit. Dat Warneck met hierdie beskouing van hom vierkantig binne die Rooms-Katolieke skema van natuur en genade staan, hoef seker geen verderere betoog nie. Op die vraag hoe dit dan moontlik is om 'n heiden aan te spreek, en hoe hy die geloof kan aanneem, het die bybels-reformatoriese teologie nooit met teorieë oor aanknopingspunt en aanleg gekom nie, maar steeds geantwoord dat die geloofsmoontlikheid nie in die mens lê nie, maar in die werk en die werklikheid van die Heilige Gees.

Iemand wat hom ook op besondere wyse besiggehou het met die gebeurtenisse van Gen. 1-11 en waaraan ons kortliks aandag wil gee, is A. Th. van Leeuwen in sy werk waarvan Kraemer by die verskyning gesê het dat dit 'n gebeurtenis is: Het Christendom in de wêreldgeschiedenis[10]). Een van die grondgedagtes in hierdie werk is dat Israel en sy geloof 'n teokratiese proses was teen die ontokratiese denke en lewenspatroon van al die nie-Israelitiese volke. Dit gaan in die ontokratiese denke om 'n konsepsie van die oorspronklike en uiteindelike identiteit van alles wat bestaan, die eenheid van alle aspekte van menslike, bo- en benedemenslike lewe, binne een alomvattende totaliteit. Dit gaan om die heerskappy van die synde, dit wil sê van die natuurlike lewe met sy sikliese kringloop, wat 'n weerspieëling is van die ewige vasgestelde kosmiese kringloop. Die sakrale, wat betref staat, koningskap, sosiale orde, is tipies van hierdie beskouing. Een van die tiperende trekke van hierdie godsdienste is dat hulle almal die sogenaamde godeberg of kosmiese berg — as middelpunt of nael van die aarde — ken. Van Leeuwen bring die verhaal van die toring van Babel (Gen. 11:1-9) in verband met die tempelgebied van Babilon met sy trappetoring of ziqqurat, en laasgenoemde weer in verband met die gode- of kosmiese berg, wat eintlik ook as aanrakingspunt tussen hemel en aarde beskou moet word. Die Bybelse verhaal van die toringbou is gerig teen en 'n afwysing van die monistiese, ontokratiese totaliteitsdenke van die volke buite Israel. Die ontokratiese patroon, gesimboliseer in die toringbou met sy top in die hemel, is wesenlik 'n bomenslike selfverheffing en 'n opstand teen die heilige naam van God. Wat in die teokratiese sisteem middelpunt van die aarde is, ontmoetingspunt van die wêreld daarbo, hier en hierbenede, word nou middelpunt van verwarring, verstrooiingspunt

[10]) L966.

van die mensheid, plek van oordeel oor die mensdom wat aan God gelyk wil word. Die geskiedenis van die toring van Babel is egter deel van die voorgeskiedenis van Israel. Die volkeretafel van Gen. 10 word in 11:10 deurgetrek, maar nou gerig op die wyse waarop God self die verstrooide mensheid gaan versamel. „God se oordeel in die verwarring en verstrooiing van die volke, word die begin van die geskiedenis van sy seën en sy uiteindelike plan om die hele aarde byeen te bring in die herstelde eenheid van sy ryk[11]). In hierdie uitspraak van Van Leeuwen word die sendingsperspektief van Gen. 1-11 baie duidelik. Oor wat die taak van die kerk is ten opsigte van die byeenbring van die hele aarde, het Van Leeuwen hom ook uitgespreek, maar daarop kom ons later terug.

Niemand het hom in resente tyd meer eksplisiet besiggehou met die betekenis van Gen. 1-11 vir 'n sendingsfundering, as J. Blauw[12]). Ook hy begin met 'n verwysing na die universele boodskap van die Ou Testament, 'n boodskap wat die hele wêreld in die oog het en vir die hele wêreld geld. Vir 'n regte verstaan van die universele boodskap van die Ou Testament, reken hy dis noodsaaklik om Gen. 1-11 as uitgangspunt te neem, en nie die verlossing uit Egipte, soos wat dikwels die geval is in Ou Testamentiese teologieë nie. Juis die komposisionele plek van die eerste hoofstukke van Genesis, wil hy sien as behorende tot die boodskap van hierdie deel van die Bybel. 'n Mens sou die universele tendens nie reg verstaan nie as die Bybel anders sou begin as wat hy nou begin. Hy reken dat hierdie eerste elf hoofstukke as die sleutel tot die verstaan van die Ou Testament en die hele Skrif beskou moet word. Dis 'n „teologie van die geskiedenis" 'n „teruggekeerde profesie". Dis geen filosofiese beskouing oor die ontstaan van wêreld en mens nie, maar getuienis en belydenis van die volk van God omtrent sy voorgeskiedenis. Hierdie voorgeskiedenis gee sin aan die geskiedenis van Israel. Die roeping van Abraham na die verhaal van die toring van Babel is die begin van die herstel van die verlore eenheid van die mensheid en die verbroke gemeenskap met God waarvan die direk voorafgaande geskiedenis verhaal. Die hele geskiedenis van Israel is geen selfstandige gebeurtenis los van die geskiedenis van die begin-hoofstukke van Genesis nie, maar die voortsetting van die handeling van God met die volkere. Die verhouding van God tot die volkere, is voorwaarde vir die verstaan van die geskiedenis van Israel. Tussen die beskouing van Blauw en Van Leeuwen is daar dus 'n merkwaardige ooreenkoms.

---

[11]) J. Blauw, a.w., S 18.
[12]) Idem S. 16-21.

Die inhoud van Gen. 1-11 kan kortliks as volg weergegee word: Die hemel en die aarde, derhalwe alles, wat God skeppend in aansyn roep uit niks, staan onder sy heerskappy. Die skepping van die wêreld is op die mens gerig, ja die wêreld is vir die mens geskape, hy is die middelpunt en die kroon van God se hele skepping. Maar hierdie mensekind wat God „so ryk beskenk het", loop deur eie skuld sy deur God bepaalde bestemming mis. Nou begin sy skuldige vervreemding van God met katastrofale gevolge nie alleen vir homself nie, maar vir die hele skepping wat God so goed, so tób, gemaak het. Die goddelike oordeel en gerig bly nie uit nie, maar in die oordeel is God ook genadig; die mens se ontrou maak God se trou nie ongedaan nie. God bly getrou aan sy skepping, Hy vernietig nie soos 'n kind wat hy gemaak het nie, maar staan by die werke van Sy hande. Een gesin word uit die vloedoordeel gered waaruit 'n nuwe geslag aanwas, maar ook hierdie geslag val 'n tweede keer in sonde, net soos Adam en Eva eerste in die paradys, deur sy eie naam te verhef teenoor dié naam van God. Ook hier by die toringbou wou die mens, soos Adam en Eva in die paradys, soos God wees. Weereens tref die gerig van God die mensheid. In wedersydse vervreemding word die volkere oor die wêreld versprei. Dit is Von Rad[13] wat daarop wys dat die genade die oordeel van God begelei in die gebeurtenisse van Gen. 1-11. God het die eerste mense verbied om van die boom van kennis van goed en kwaad te eet en gesê dat hulle sekerlik sal sterwe die dag as hulle daarvan eet. En tog sterwe hulle nie dadelik as hulle die gebod oortree nie. Ook as Kaïn deur die oordeel getref word, gaan hy tog nie sonder 'n teken van beskerming die wêreld in nie. En na die oordeel van die sondvloed, maak God opnuut 'n verbond met die mensheid. Die volkerewêreld is die resultaat van die vredesluiting met die mens na die sondvloed. So het ons die vaste ritme van oordeel en genade dwarsdeur hierdie hele geskiedenis van die mensheid in die voortyd. Dit ontbreek egter, volgens Von Rad, by die oordeel van verstrooiing waarvan ons lees in Gen. 11. Egter net skynbaar. Die hulp- en genademoment lê opgesluit in die hele geskiedenis wat daarna begin met die roeping van Abraham as die begin van die geskiedenis van Israel. Hierdie hele geskiedenis is God se genadige handeling met die volkere wat in oordeel en gerig verstrooi is.

V.

As 'n mens uit die vorige beskouings oor die betekenis van Gen. 1-11 'n konklusie moet trek ten opsigte van die sending,

[13]) G. van Rad, **Genesis**, SCM Press Ltd., Bloomsbury Street, London, 1963, p. 148-150.

sal 'n mens die missionêre betekenis van hierdie gedeelte moet vind in die getuienis dat die genadige bemoeienis van God met 'n sondige, skuldige, veroordeelde en verstrooide mensheid voortgesit word in die geskiedenis van die geroepe Godsvolk, en dat die begin van hierdie geskiedenis met die roeping van Abraham, die begin is van die „herstel van die gebroke eenheid van die mensheid en die verlore gemeenskap met God" (Blauw). As ons die Bybel verder as Gen. 11, en verder as Maléagi lees; as ons hom tot aan die einde van die Openbaringe van Johannes lees, weet ons dat Israel nie getrou was aan die roeping waarmee God hom geroep het nie. In plaas van sy uitverkiesing te verstaan as roeping tot nederige diens aan die volkere, het dit vir hom 'n soort status simbool geword wat gelei het tot hoogmoedige selfverheffing teenoor die volkere. Die tora, die onderwysing van God waar al die klem op die handeling van God lê, is deur Israel verander in wet, waar al die klem op die handeling van die mens gelê word. Hierdie wet het uiteindelik die groot barriere geword tussen Israel en God, sowel as tussen Israel en die heidene, sodat dit ten laaste ook die groot skeiding was tussen die heidene en God. In sy vlees het Christus die vyandskap tot niet gemaak, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan (Ef. 2:15), en so het Hy die groot middelmuur van skeiding verwyder sodat Jood en heiden een kon word en vrede met God en met mekaar kon vind in die een liggaam van Christus, ons vrede.

Oor wat die taak van die kerk is ten opsigte van die herstel van die verlore eenheid van die mensheid en die gebroke gemeenskap met God, bestaan daar miskien net so 'n groot spraakverwarring as wat daar by die bou van die toring van Babel ontstaan het. Volgens Van Leeuwen beteken die goddelike verhindering van die voltooiing van die toring van Babel die opheffing van die religie, veral in die ontokratiese sin van 'n religieuse gemeenskap of samelewing. Die corpus christianum, en daarmee elke corpus religiosum, behoort vir goed tot die verlede. Die taak van die kerk kan nooit wees om wat verby is in hierdie verband weer op een of ander wyse te probeer laat herlewe nie. Godsdienstige vryheid kry nou 'n heeltemal ander inhoud. Dis geen stryd om waarborge vir die vryheid van die christelike godsdiens nie (hy dink hier aan die situasie in die Ooste), maar dit moet in die bereidheid van christene lê „gemene zaak te maken met al die bewegingen en individuen, die de vryheid als zodanig bevorderen, dit wil sê de bevryding uit de boeien van de ‚heilige' traditie, tezamen met een vernieuwing van de maatschappy in de richting van een waarachtige wereldlyke levensvorm, door mensenhanden gemaakt." (bl. 363). Dis op hierdie

vernuwing van die maatskappy dat die hele klem vandag eensydig val, behalwe miskien vir die Afrikaanse susterskerke, tot so 'n mate selfs dat dit die taak van die kerk geword het om rewolusionêr 'n nuwe gemeenskap te forseer.

Uit wat hierbo gesê is oor die eenheid in die liggaam van Christus, is een ding duidelik: dat dit nie die vermoë en daarom ook nie die taak van die kerk is om die verlore eenheid van die mensheid en die gebroke gemeenskap met God te herstel nie. Christus het dit reeds gedoen, Hy doen dit nou en Hy sal dit in die toekoms doen, en die kerk kan dit alleen as goeie boodskap betuig en verkondig. Alleen in die getroue verkondiging van die evangelie van die kruis word die kerk gedien en gebou en daarin, in die eenheid van die kerk, 'n eenheid in die Heer van die kerk van wie die kerk die liggaam is, lê die moontlikheid vir die herstel van die verlore eenheid van die mensheid. In Christus derhalwe, in die kennis van Sy Naam, in die groei na Hom, die Hoof, toe, in die opbou van die liggaam van Christus, en nie in die opbou van 'n nuwe samelewing nie, moet die eenheid van die mensheid gesoek word. Hierdie eenheid geskied nie met ontkenning van die verskeidenheid onder die volke nie, maar ondanks die verskeidenheid. Eenheid beteken beslis nie opheffing van identiteit nie. In Christus is daar nog man, nog vrou, maar dit beteken nie dat 'n man nie meer 'n man en 'n vrou nie meer 'n vrou is die.

Dis belangrik, dis dringend, dis lewensnoodsaaklik as die kerk nie wil verval tot die sonde van die toringbouers deur self die stad te wil bou wat hy alleen van God as gawe kan ontvang, dat hy opnuut sal leer, erken en bely, dat daar net een weg is tot die herstel van die verlore eenheid en die gebroke gemeenskap, en dit is in die verkondiging van Hom wat aan die kruis die vyandskap doodgemaak het.